

'N STRATEGIESE EN OPERASIONELE BEOORDELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG (SAW) SE OORGRENS-OPERASIES IN ANGOLA, 1978-1988

Leopold Scholtz¹

Abstract

The cross-border operations of the South African Army between 1978 and 1988 were politically extremely controversial. There were several reasons why the Army undertook them. On a security-strategic level the South African government wanted to prevent SWAPO, a Marxist-Leninist organisation, to seize power in South West Africa (now Namibia). On military-strategic level it was meaningful to take the initiative and disrupt SWAPO before its insurgents could cross the border to South West Africa; also to support UNITA in order to prevent SWAPO from infiltrating the Okavango and West Caprivi. These cross-border operations were successful in the sense that they prevented insurgency and helped to undermine SWAPO's morale. In the end SWAPO ruled Namibia; the country, however, did not become a Marxist-Leninist dictatorship but a more or less liberal democracy.

1. INLEIDING

Die reeks oorgrens-operasies wat die SAW in die jare 1978-'88 vanuit die destydse Suidwes-Afrika (tans Namibië) na Angola uitgevoer het, was indertyd polities uiters omstrede. Teenstanders van die oorlog het die Weermag verwytdat hy prakties die suidelike deel van Angola geannekseer het.² Suid-Afrika is besig met “a systematic campaign of aggression and destabilization launched from Namibia,”³ is gesê.

Eger nog, in 'n verslag het die Statebond beweer dat die destabilisering van Suid-Afrika, waarvan die Angolese oorgrens-operasies 'n belangrike deel uitgemaak het, “‘holocaust’ proportions” bereik het: “The human cost is estimated at 1,5 million dead through military and economic action, most of them children, while a further 4 million people have been displaced from their homes ... Angola has per capita the world's largest population of limbless people, some 40 000, as a result of

¹ Dr. Leopold Scholtz is Media24 se verteenwoordiger in Brussel en is ook buitengewone hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en offisier in die Reserwemag van die SA Leër. E-pos: lscholtz@dieburger.com

² Vgl. Susan Cullinan, "Military policy and the Namibian dispute", *South African Research Service: South African Review. Same foundations, new facades?*, I (Johannesburg, 1983), p. 38.

³ Richard Leonard, *South Africa at war. White power and the crisis in southern Africa* (Craighall, Ad. Donker, 1983), p. 76.

land mines.” The ekonomiese prys vir die ses frontliniestate was meer as ’n miljard Amerikaanse dollar, is beweer.⁴

Na twee dekades is dit intussen duidelik dat sodanige kritiek op verkeerde uitgangspunte berus. Alle sprake van politieke geweld en oorloë in Suider-Afrika is summier op die destydse Suid-Afrikaanse regering se brood gesmeer, al het dié konflikte ook hul eie interne dinamiek gehad. Bowendien is die Suid-Afrikaanse motiewe glad nie, of selfs slegs deels, ontleed nie. Die indruk word trouens gewek dat sodanige verwyte eerder deel was van die destydse politieke diskoers as ’n werklike poging om die waarheid te agterhaal.

Die vraag wat dus hier beantwoord moet word, is die volgende: Waarom het die SA Weermag in opdrag van die regering herhaaldelik noordwaarts oor die grens geslaan, ondanks die groot internasionale verwerping wat dit outomaties elke keer uitgelok? En het Suid-Afrika geslaag in die doelwitte wat hy wou bereik? Kan die oorgrens-operasies teen dié agtergrond as suksesse of mislukkings beskou word?

2. DIE AARD VAN DIE KONFLIK

Dit help nie om die reeks Suid-Afrikaanse invalle in Angola in isolasie te bestudeer nie. Dit moet gesien word in die konteks van die breë oorlewingsoorlog waarin die apartheidsregering betrokke was, asook in die effens nouer konteks van die oorlog in Suidwes-Afrika (SWA), later Namibië. Waarom dit hier gaan, is *revolutionêre oorlogvoering*. SWAPO, synde die Namibiese bevrydingsbeweging, was gewikkel in ’n gewapende stryd om die Suid-Afrikaanse greep op SWA/Namibië te breek en die gebied in ’n onafhanklike Namibië te omskep. SWAPO het homself beskou as ’n susterorganisasie van die ANC in Suid-Afrika, wat in ’n soortgelyke gewapende stryd betrokke was met die doel om die apartheidsregering omver te werp en self die mag oor te neem.

Wat die twee konflikte polities verbind het, was dat geeneen die vervanging van die outoritêre blanke apartheidsregering deur ’n liberale veelparty-demokrasie ten doel gehad het nie. Dit bly polities omstrede om dit te sê, maar daar is oorweldigende getuienis dat sowel SWAPO as die ANC/SA Kommunistiese Party elk ’n Marxisties-Leninistiese eenparty-diktatuur wou instel.⁵ Dit verbind die twee konflikte trouens met verreweg die meeste ander revolutionêre oorloë van die 20ste eeu, waar die Marxisme in die een of ander gedaante meestal ’n deurslaggewende

⁴ Max Coleman, *A crime against humanity. Analysing the repression of the Apartheid State* (Kaapstad, 1998), p. 26.

⁵ Vgl. Leopold Scholtz, "The Namibian Border War: An appraisal of the South African strategy", *Scientia Militaria* 34/1, 2006; Leopold en Ingrid Scholtz: "Die oorsprong en ontwikkeling van die SA Kommunistiese Party se Tweefase-revolusie", 2 dele, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 30/3 en 30/4, September en Desember 2004.

ideologiese dryfveer was. En dit plaas politiek en politieke doeleindes, veel meer as by konvensionele oorlogvoering, in die sentrum van die konflik.⁶

In sy studie van nasionale bevrydingsoorloë in die 20ste eeu meen Daniel Moran die kommunistiese ideologie “provided a crucial stiffening to the sinews of national identity”, en wel in twee opsigte: “On the one hand, communism made it easier for people to view their sacrifices not as transient acts of rebellion, like those known at all times, but as contributions to a historical process whose outcome was certain in the end.” Hy gaan voort deur daarop te wys dat “[r]adical ends lent themselves to radical means. Wars of national liberation are disproportionately associated with irregular warfare, guerrilla insurgency and terrorism, an important connection that should not be misunderstood. ... Always the dominant aim is the violent pursuit of radical political change; war to create or control a national state grounded in some kind of cultural community.”⁷ Alte dikwels het dit beteken dat sodanige oorloë, al het hulle volgens hul eie interne dinamiek uitbreek, ingesuij is in die breër Koue Oorlog, die magstryd tussen die USSR en die demokratiese Weste.

'n Lewensbelangrike aspek van revolusionêre insurgensie-oorlogvoering wat deur die Franse offisier David Galula belig is, is die feit dat die insurgente normaalweg die inisiatief hou: “[O]nly the insurgent can consistently wage profitable hit-and-run operations because the counterinsurgent alone offers profitable and fixed targets; only the insurgent, as a role, is free to accept or refuse battle, the counterinsurgent being bound by his responsibility.”⁸

Die sleutelwoord hier is *inisiatief*, 'n begrip wat later telkemale in dié beskouing sal terugkeer. Normaalweg is dit die insurgent wat besluit waar en wanneer hy wil veg, en hy besluit uiteraard om dit te doen ook waar en wanneer dit hom pas, wanneer hy kan wen. Agtereenvolgende militêre suksesse, hoe klein ook al, dien terselfdertyd as gewapende propaganda vir die eintlike doel, naamlik die politieke mobilisering van die plaaslike bevolking, van wie se lojaliteit alles afhang. Mao Zedong het reeds die waarheid ingesien dat die insurgent van die plaaslike bevolking afhanklik is soos vis van die water waarin hy swem. Dus, het hy geskryf, moet guerrilla-oorlog misluk “as sy politieke doeleindes nie ooreenstem met die aspirasies van die mense en hul simpatie, koördinasie en hulp nie verkry kan word nie ... Omdat guerrilla-oorlog basies van die massa afhanklik is en deur hulle gesteun word, kan dit nóg bestaan nóg floreer as hy homself van hul simpatie en samewerking afwend.”⁹

Die vraag is: Hoe verkry of herwin die teeninsurgent die inisiatief in sodanige buitengewoon moeilike omstandighede? Verskeie skrywers het reeds interessante

⁶ David Galula, *Counterinsurgency warfare. Theory and practice* (Westport, 2006), p. 5.

⁷ Daniel Morgan, *Wars of national liberation* (Londen, 2001), pp. 22-24.

⁸ Galula, p. 8.

⁹ Mao Zedong, "On guerrilla warfare", ch. 1 (at eastofhateandfear.com/archives/tse_tung.html.)

boeke hieroor geskryf,¹⁰ maar die Pruisiese oorlogsfilosoof, Carl von Clausewitz, het reeds in sy invloedryke *Vom Kriege* die teoretiese antwoord gegee. Clausewitz het 'n hele hoofstuk afgestaan aan die verhouding tussen verdediging en offensief, wat nogal iets vir ons onderwerp te sê het. Die kern is in die volgende sin te vinde:

“As die verdediging 'n sterker vorm van oorlogvoering is, wat egter 'n negatiewe doel het, volg vanself hieruit dat 'n mens jou net solank daarvan moet bedien as wat jy dit vanweë jou swakte daartoe gedwing word, en dit moet prysgee so gou 'n mens sterk genoeg is om die positiewe doel [d.w.s. die offensief] voort te sit.”¹¹

Dit geld veral vir die operasionele vlak van oorlogvoering. Indien 'n oorlogvoerende party bloot die *status quo* wil handhaaf, soos Suid-Afrika wou doen, kan dit voldoende wees om op veiligheids- en militêr-strategiese vlak 'n verdedigende postuur te handhaaf. Maar as jy die knoop wil deurhak, as jy die bedreiging wil neutraliseer, moet jy operasioneel offensief optree. Met ander woorde, selfs al maak jy voorlopig noodgewonge van die verdediging gebruik, sal dit jou nie die oorwinning besorg nie. Dáárvoor moet jy die inisiatief kry, en dit kan net gebeur deur die offensief. Hierdie gedagte is van fundamentele belang vir die onderwerp van hierdie beskouing.

3. OPERASIE SAVANNAH

Die besonderhede van die dramatiese Suid-Afrikaanse inval in Angola gedurende die tweede helfte van 1975 is nie vir die doeleindes van dié artikel belangrik nie; dit is elders uitstekend gedokumenteer.¹² Die belang daarvan lê hier eerder in die feit dat dit 'n sekere patroon gevestig het wat later beduidende invloed op die gang van sake sou hê. Die volgende aspekte is relevant:

- Die burgeroorlog in Angola moet onder meer teen die agtergrond van die Koue Oorlog gesien word. Ná die Portugese staatsgreep van 24 April 1974 het die nuwe regering in Lissabon besluit om sy koloniale ryk prys te gee en onafhanklikheid aan Angola te verleen. Omdat die stryd teen die Portugese besetting deur drie rebellebewegings – die MPLA, die FNLA en UNITA – gevoer is, was dit 'n ope vraag wie die resulterende magsvakuüm in die gebied sou vul. Met behulp van kommunisties-gesinde offisiere in

¹⁰ Een van die beste beskouings is dié van John A Nagl, *Learning to eat soup with a knife. Counterinsurgency lessons from Malaya to Vietnam* (Chicago, 2005).

¹¹ Carl von Clausewitz, *Vom Kriege* (Berlyn, 1999), VI/1, p. 371.

¹² Kyk F du T Spies, *Angola. Operasie Savannah 1975-1976* (Pretoria, SA Weermag Direktooraat Openbare Betrekkinge, 1989); Sophia du Preez, *Avontuur in Angola. Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angola 1975-1976* (Pretoria, 1989); Peter Stiff, *The silent war. South African recce operations 1969-1994* (Alberton, 1999), hoofstuk 9; Willem Steenkamp, *South Africa's Border War 1966-1989* (Gibraltar, 1999), pp. 36-74; Willem Steenkamp, *Borderstrike! South Africa into Angola 1975-1980* (s.p., Just done, 2006), pp. 60-206; Hilton Hamann, *Days of the generals. The untold story of South Africa's apartheid-era military generals* (Kaapstad, 2001), hoofstukke 1 en 2. Die Kubaanse kant van die verhaal word vertel deur Piero Gleijeses, *Conflicting missions. Havana, Washington, Pretoria* (Alberton, 2003).

die onttrekkende Portugese koloniale administrasie het die Sowjet-Unie die Marxisties-georiënteerde MPLA op groot skaal van wapens voorsien. Kuba het 'n paar honderd militêre instruksiekers na Angola gestuur. Die doel was om te verseker dat Angola 'n kommunistiese staat word. Kort daarna is die Suid-Afrikaanse regering agter die skerms versoek deur sowel die Ford-administrasie in Amerika as die regerings van Zaïre, Zambië en die Ivoorkus, asook UNITA, om ten gunste van die FNLA en UNITA in te gryp en te keer dat die Sowjets en Kubane hul doel bereik. Ook Nigerië was aanvanklik positief oor die Suid-Afrikaanse ingryping.

- Suid-Afrika het inkrementeel en onwillig betrokke geraak. Sy eerste betrokkenheid was bloot om die waterwerke by Calueque, net noord van die Suidwes/Namibiese grens, te beskerm. Daarna is in reaksie op die klandestiene internasionale druk besluit om wapens aan die FNLA en UNITA te verskaf, en toe ook instruksiekers.
- Vervolgens het die kabinet besluit om verskeie veggroepen in Angola in te stuur met die doel om die suidelike en sentrale deel van die gebied tot aan die spoorlyn tussen die hawestad Namibe en Menongue te beset. Suid-Afrika wou 'n min of meer vriendelike regering in Luanda aan die bewind hê. Dus was die oogmerk om die FNLA en UNITA in 'n beter onderhandelingsposisie teenoor die MPLA (wat Luanda beset het) te plaas wanneer die formele onafhanklikheidsdag op 11 November 1975 aanbreek. Daarna sou die troepe onttrek word. Die veggroepen het verstommende vordering noordwaarts gemaak.
- Kuba het op die Suid-Afrikaanse inval reageer deur op eie houtjie en sonder om die Sowjet-Unie te raadpleeg tienduisende troepe na Angola te stuur (die Kubane het dit Operasie Carlota genoem). Pres. Fidel Castro het gemeen 'n MPLA-oorwinning kan 'n yslike klap vir die kapitalistiese Weste inhou, en in sy romantiese wêreldbeeld sou hy die groot held van die sosialistiese wêreldrevolusie wees. Hy was onder die (foutiewe) indruk dat Suid-Afrika Luanda wil beset en die MPLA wil vernietig. Dit was nie Suid-Afrika se primêre doel nie. As dit 'n gevolg van die operasie was, sou die Suid-Afrikaners waarskynlik geen traan gestort het nie, maar die feit bly staan dat Castro Suid-Afrika verkeerd gelees het. Dit sou 'n patroon word.
- Op versoek van UNITA se leier, Jonas Savimbi, het die Suid-Afrikaanse regering vroeg in November 1975 besluit om nie, soos die idee was, sy troepe te onttrek nie, maar nog verder aan te bly ten einde UNITA se posisie te versterk. In die eerste botsing met die Kubaanse troepe by Ebo het die Suid-Afrikaners bloedneus gekry, maar hulle het ietwat later by Brug 14 behoorlik wraak geneem. Albei magte het respek vir mekaar gekry.

- In Desember 1975 en Januarie 1976 het Suid-Afrika se internasionale dekking verdamp. Die Ford-administrasie is deur die Amerikaanse Kongres gedwing om alle steun aan UNITA te staak, terwyl die Organisasie vir Afrika-Eenheid die MPLA ná 'n pynlike debat as die wettige regering van Angola erken het. Dit het die Suid-Afrikaanse regering laat besluit om sy troepe uit die gebied terug te roep.
- Die episode het verskeie wedersydse misverstande geskep. Die Suid-Afrikaners het die aanwesigheid van die Kubane as 'n regstreekse bedreiging ervaar en dit verkeerdelik toegeskryf aan 'n meesterplan vir die verowering van Kaap die Goeie Hoop wat in die Kremlin uitgedink is. Daar is gemeen dat die Kubane bloot die uitvoerders van die besluit is, terwyl Castro inderwaarheid teen die Russe se wense gehandel het. Andersyds het Castro ten onregte gemeen Suid-Afrika wil die MPLA verdryf.

4. DIE VEILIGHEIDSTRATEGIESE SITUASIE, 1978

Teen 1978 was die apartheidsbewind in Suid-Afrika kniediep in die moeilikheid. Twee jaar tevore, in 1976, het Soweto spontaan ontplof. Die afdwing van Afrikaans as onderrigmedium op skool was die vonk in die kruitvat, maar inderwaarheid was dit 'n reeks intens gevoelde frustrasies wat hier ontbrand het. Meer as enigiets anders het dit duidelik gemaak dat die swartes geen permanente onderhorigheid aan 'n blanke bewind sou aanvaar nie. Die opstand het ook die ANC heeltemal onkant betrap, maar dié organisasie het vinnig gereageer om die stroom militante jong swartes wat oor die grense gestroom het, op te vang en by hom in te lyf.

Die ANC se taak is vergemaklik deur die staatsgreep van April 1974, toe die fascistiese Portugese diktatuur omvergewerp is. Binne 18 maande is die Portugese koloniale oorlog in Mosambiek, Angola en Guinee-Bissau beëindig en is die mag oorgedra aan Marxistiese, fel anti-Suid-Afrikaanse regerings wat bowendien hul grondgebied beskikbaar gestel het vir insurgensie-operasies teen die oorblywende blanke owerhede in Rhodesië en Suid-Afrika.

In Rhodesië het die regering besluit om die stryd na die vyand te neem, en vanaf Mei 1977 is veral die insurgensiebeweging ZANU in Mosambiek hard in 'n reeks verwoestende oorgrens-operasies geslaan. Duisende insurgente het in dié mobiele, semikonvensionele operasies gesterf. Maar omdat die Rhodesiese strydkragte hulself op dié operasies blind gestaar en nie die infiltrasie van duisende meer insurgente na die Zimbabwiese hartland kon keer nie, kon hulle nooit die stryd om die lojaliteit van die plaaslike bevolking wen nie. En dus het die insurgente uiteindelik gewen.¹³

¹³ Vgl. hieroor Paul L Moorcraft en Peter McClaughlin, *Chimurenga! The war in Rhodesia* (Johannesburg, 1982), hoofstuk 9; JK Cilliers, *Counter-insurgency in Rhodesia* (Londen, 1985).

Die beskikbaarheid van Mosambiekse en Angolese grondgebied vir die infiltrasie van ANC- en SWAPO-insurgente respektiewelik het die Suid-Afrikaanse geopolitieke en strategiese posisie ernstig verswak. Dit het beteken dat die beskerming van die Portugese geografiese buffer weggeval het. Vir SWAPO, wat tevore moeisam vanuit Zambië via die Caprivistroom na SWA/Namibië moes probeer infiltrer, het dit 'n unieke geleentheid geskep. Die beweging se leier, Sam Nujoma, het later in sy *memoires* geskryf:

“Our geographical isolation was over. It was as if a locked door had suddenly swung open. I realized instantly that the struggle was in a new phase ... For us [it] meant that ... we could at last make direct attacks across our northern frontier and send in our forces and weapons on a large scale.”¹⁴

In opvolging hiervan is SWAPO se hoofkwartier van Lusaka ook na Luanda verskuif.¹⁵

Binne 'n relatiewe kort tyd het SWAPO se infiltrasie oor die grens na SWA/Namibië aansienlik begin toeneem. Ná SWAPO se eerste poging, wat op 26 Augustus 1966 te Ongulumbashe in Ovambo deur 'n groep valskermsoldate en polisiemanne onder leiding van kmdt. Jan Breytenbach gefnuik is,¹⁶ het die beweging aanvanklik op 'n lae vlak voortgesukkel, maar nou dat hulle die grens regstreeks vanuit Angola na Ovamboland kon oorsteek, het dit verander. Waar die insurgente die grens tevore slegs in klein groepies kon oorsteek, het hulle dit nou in afdelings van 80-100 man gedoen. Op 27 Oktober 1977 is 'n Suid-Afrikaanse Leerpatroillie byvoorbeeld opeens deur 'n SWAPO-mag van sowat 80 man net suid van die grens gestuit. Dit het gelei tot 'n drie dae lange veldslag wat sowel noord as suid van die grens gewoed en waarin 61 van die insypelaars uiteindelik gesneuwel het. Dit het die alarmligte fel laat flikker, veral aangesien dit bekend was dat die infiltrasie gerugsteun is deur die oprigting van 'n hele netwerk SWAPO-basisse in die suide van Angola, waardeur die magsvakuüm in daardie omgewing ook opgevol is.¹⁷ Herbevoorrading was beskikbaar slegs 'n dagmars noord van die grens.¹⁸ Bowendien is die voorsitter van die pro-Suid-Afrikaanse Demokratiese Turnhalle-Alliansie (DTA), Clemens Kapuuo, op 27 Maart 1978 vermoor, vermoedelik deur SWAPO, wat gewys het in welke mate SWAPO homself suid van die grens militêr én polities kon laat geld.¹⁹

Die situasie is vererger deur die onvermoë van die SA Leër om SWAPO behoorlik in gevegte te konfronteer. Hulle operasies was grootskaals en lomp en

¹⁴ Sam Nujoma, *Where others wavered. The autobiography of Sam Nujoma* (London, 2001), pp. 228-229.

¹⁵ *Ibid.*, p. 234.

¹⁶ Vgl. hieroor Paul J Els, *Ongulumbashe. Die begin van die bosoerlog* (s.p., PelsA, 2004).

¹⁷ Steenkamp, *Borderstrike!*, pp. 209-210; Magnus Malan, *My lewe saam met die SA Weermag* (Pretoria, 2006), pp. 193-194.

¹⁸ Susan Brown, "Diplomacy by other means. Swapo's liberation war", in Colin Leys & John S Saul, *Namibia's liberation struggle. The two-edged sword* (Londen, 1995), p. 29.

¹⁹ Steenkamp, *Borderstrike!*, pp. 212-213.

kon vergelyk word met 'n swaargewigbokser wat wild in die lug slaan, maar niks tref nie. Die blanke dienspligtiges, dikwels uit Suid-Afrikaanse stede afkomstig, het niks van die plaaslike bevolking verstaan nie en was veel swakker in bosoorlog- tegnieke as die SWAPO-vegters opgelei.²⁰ Selfs genl. Magnus Malan, toe Hoof van die Weermag, maak in sy *memoires* gewag van “'n reeks militêre operasies wat nie almal heeltemal aan my verwagtinge voldoen het nie”.²¹ Volgens Militêre Inligting het die opleiding van die insurgente daarteenoor duidelik verbeter.²²

Reeds betreklik kort ná die onttrekking van die SAW in 1976 het die legendariese kmdt. (later kol.) Jan Breytenbach 32 Bataljon opgerig, bestaande uit vegters van die FNLA. Met hulle het hy herhaaldelik oor die grens aangeval met die doel, soos hy later geskryf het, “to turn the southern Angolan bush into a menacing, hostile environment for SWAPO” – met ander woorde, “to out-guerrilla the guerrillas”.²³ Ook die Spesmagte, die Verkenningsskommando's (algemeen bekend as die Recce's), het kleinskaalse klandestiene operasies teen SWAPO noord van die grens uitgevoer.²⁴ Die probleem was dat dit vroeg in 1978 nog geen merkbare uitwerking op SWAPO se infiltrasie oor die grens gehad het nie.

Iets moes duidelik gedoen word. Die vraag was: Wat?

5. 'N STRATEGIESE BESLUIT

Volgens die gevoel van die SAW-leiding het die toename van SWAPO se aktiwiteite in Ovamboland ook saamgehang met toenemende internasionale druk op Suid-Afrika om hom aan SWA/Namibië te onttrek, vrye verkiesings toe te laat en die gebied onafhanklik te laat word. Om sy onderhandelingsposisie te versterk het SWAPO gevolglik – ooreenkomstig die klassieke insurgensieteorie – “bevryde gebiede” suid van die grens probeer vestig.²⁵

Op 1 April 1978 het die Hoof van Staf: Operasies dus 'n studie vir interne gebruik uitgereik wat van deurslaggewende belang sou word. Onder die titel *Waardering: Vernietiging van SWAPO-basisse* is daarop gewys dat SWAPO in die voorafgaande jaar aansienlik aggressiewer geword het. Die beweging het 'n beduidende aantal basisse in Suid-Angola tot stand gebring van waar operasies uitgevoer en logistiek ondersteun is. Beperkte opleiding vind ook daar plaas. Daarteenoor moes die SAW

²⁰ Kyk Jan Breytenbach, *The Buffalo soldiers. The story of South Africa's 32 Battalion 1975-1993* (Alberton, 2002), p. 149; Eugène de Kock, *A long night's damage. Working for the apartheid state* (Saxonwold, 1998), p. 66.

²¹ Malan, p. 194.

²² Steenkamp, *South Africa's Border War 1966-1989* (Gibraltar, 1989), p. 71.

²³ Breytenbach, p. 179. Vgl. ook Piet Nortje, *32 Battalion. The inside story of South Africa's elite fighting unit* (Kaapstad, 2003), pp. 99-128.

²⁴ Peter Stiff, *The silent war. South African recce operations 1969-1994* (Alberton, 1999), pp. 192-193.

²⁵ Onderhoud met genl. Constand Viljoen, 2 Mei 2002, soos aangehaal in McGill Alexander: "The raid on Cassinga" (ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Julie 2003), p. 37.

afweg waar SWAPO toeslaan, aangesien hy nie toegelaat is om sy volle potensiaal oorkant die grens teen teikens aan te wend nie. Dit is militêr onaanvaarbaar dat SWAPO toegelaat is om opleiding in veilige gebiede noord van die grens aan rekrute te gee. Meer as 50% van SWAPO se aktiwiteite het in die onmiddellike omgewing van die grens plaasgevind. Die inisiatief, in die dokument beklemtoon, was dus in die hande van SWAPO, terwyl die SAW slegs kon reageer. Cassinga, sowat 250 km noord van die grens, is geïdentifiseer as 'n groot SWAPO-basis waar 'n skouspelagtige aanval uitgevoer kon word.²⁶

Op versoek van genl. Magnus Malan as Hoof van die Weermag het die SA Kabinet gevolglik 'n taamlik grootskaalse oorgrens-operasie goedgekeur. Dit sou 'n valskerm-aanval op Cassinga behels, gepaard met landwaartse aanvalle op 'n reeks basisse by Chetequera.²⁷ Die doel, soos Malan dit in sy Operasionele Bevel gestel het, was: “Die SAW moet die militêre potensiaal en aansien van SWAPO verminder deur SWAPO-terroriste en bepaalde basisfasiliteite in Angola te vernietig.”²⁸

Die twee aanvalle, saam bekend as Operasie Reindeer, het in Mei 1978 plaasgevind en is tot vandag toe in omstredenheid gehul. By Cassinga is die SWAPO-verdedigers ná 'n hewige geveg platgeloop. SWAPO het egter beweer dat Cassinga geen militêre basis was nie, maar 'n vlugtelingskamp, bevolk met vroue en kinders en slegs 'n klein beskermingseenheid, en dat die Suid-Afrikaanse soldate 'n genadelose massamoord van dié onskuldige burgerlikes gepleeg het. McGill Alexander, 'n veteraan-valskermersoldaat wat die rang van brigadier-generaal in die SA Nasionale Weermag verwerf het, het die saak uitvoerig vir sy MA-verhandeling in Geskiedenis ondersoek. Hy sê ondanks 'n uitvoerige soektog kon hy geen foto's van dooie kinders by Cassinga opspoor nie. 'n Gedetailleerde ondersoek van die foto's wat hy wel kon opspoor (die enigstes wat ook deur SWAPO-gesindes gebruik word) “indicates that the bodies are those of adults more than teenagers, though some of them are certainly young adults. The overwhelming majority of them are, in addition, men with only a few women who can be identified among them. Most of the men are wearing uniforms and there is little evidence of the ‘brightly coloured frocks’, although several of the photographs are in colour. The most widely used photograph is a black and white print, showing a woman’s body with a dress on it prominently visible in the foreground, on top of a pile of other bodies.”²⁹ Sowel hy as Willem Steenkamp kom tot die gevolgtrekking dat Cassinga die belangrikste militêre hoofkwartier van SWAPO in Angola was, dat dit 'n beduidende hoeveelheid

²⁶ Alexander, pp. 38-39.

²⁷ Malan, p. 198.

²⁸ Alexander, p. 108.

²⁹ *Ibid.*, p. 170.

vegters én burgerlikes gehuisves het, en dat die aard van die insurgensieoorlog die skeidslyn tussen militêr en burgerlik laat vervaag het.³⁰

Die aanval op Chetequera was ook ’n groot sukses.³¹

Die gevolge van Operasie Reindeer was uiteenlopend. Internasionaal was dit ’n propaganda-ramp vir Suid-Afrika. In teenstelling met die amateuragtige benadering van die Suid-Afrikaanse regering, het SWAPO die internasionale afkeer van apartheid meesterlik bespeel en daarin geslaag om sy weergawe internasionaal aanvaar te kry. Dit het die internasionale onderhandelings oor onafhanklikheid vir SWA/Namibië ’n taamlike knou gegee, en Suid-Afrika het die skuld daarvoor gekry.

Op die kort termyn het dit op militêre gebied wel die gewenste uitwerking gehad. Teen Junie 1978, ’n paar weke ná die operasie, het infiltrasie van insurgente oor die grens feitlik opgehou. Maar in die loop van Julie het dit weer begin toeneem, en binne nog ’n paar weke was sake min of meer weer waar hulle voor die aanval was.³² Kol. Jan Breytenbach, bevelvoerder van die aanvalsmag op Cassinga, meen die aanval moes opgevolg gewees het deur die aanwending van 32 Bataljon om SWAPO van sy ewewig te hou. Maar “[t]here was a general relaxation on the part of the South Africans with no follow through to maintain the initiative”³³

Terselfdertyd was Reindeer, in die woorde van genl. Jannie Geldenhuys, “soos ’n stok wat in ’n byenes gesteeek is”. Dit het SWAPO tot heelparty aanpassings genoep, wat beteken het dat die SAW se inligtingprentjie vinnig verouderd geraak het.³⁴

Belangriker nog was egter die presedent wat Cassinga en Chetequera vir die SAW gehad het. Onthou dat die grootskaalse Rhodesiese oorgrens-operasies in Mosambiek slegs ’n jaar tevore – met groot taktiese sukses – begin. En ondanks die feit dat die aanval op Cassinga byna skeef geloop het, was ook die operasie teen Chetequera ’n groot taktiese sukses. Geen wonder nie dat genl. Constand Viljoen, toe Hoof van die Leër, later in ’n onderhoud sou sê dat dit Cassinga was (soos gerapporteer deur McGill Alexander) “which determined the South African military strategy for the next decade: the concept of pre-emptive strikes”. Die aanval op Cassinga en Chetequera was volgens hom bedoel om SWAPO sodanig te verswak dat dit tyd sou wen vir die politici om ’n politieke oplossing vir die Suidwes-kwessie te onderhandel.³⁵

Reindeer het nog ’n onbedoelde – vir Suid-Afrika negatiewe – gevolg gehad. Ná sy sukses in Operasie Carlota in 1976 het Castro gemeen die MPLA-bewind in Angola is veilig, en hy het gevolglik besluit om sy troepe stadig uit die land te onttrek. Reindeer het hom egter daarvan oortuig dat dit nie die geval is nie. Toe

³⁰ *Ibid.*, p. 186; Steenkamp, *Borderstrike!*, pp. 227-228.

³¹ Steenkamp, *Borderstrike!*, pp. 318-342; Nortje, pp. 129-132.

³² Alexander, p. 178.

³³ Breytenbach, p. 210.

³⁴ Jannie Geldenhuys, *Dié wat gewen het. Feite en fabels van die Bosoerlog* (Pretoria, 2007), p. 85.

³⁵ Alexander, pp. 90 en 179.

pres. Agostinho Neto van Angola hom dus versoek om sy troepe in die land te hou, het hy sonder aarseling ingewillig. Die Kubane het hierna 'n gefortifiseerde linie, 720 km lank, tussen die hawestad Namibe in die weste tot Menongue in die ooste beset. Dit was bedoel, in die woorde van Piero Gleijeses, “as a shield against a South African invasion of central Angola ... If the South Africans wanted to invade central Angola, they would first have to cross the Cuban line.”³⁶

6. DIE MOTIEF VIR OORGRENS-OPERASIES

Die Suid-Afrikaanse offisier wat op intellektuele vlak die diepste oor die aard van die oorlog nagedink het – altans as 'n mens sy *memoires* as uitgangspunt neem – was genl. Jannie Geldenhuys, wat in 1977 die operasionele bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse magte in SWA/Namibië geword het. Volgens Geldenhuys was die belangrikste faktor in die konflik die begrip *inisiatief*. (Dit sluit aan by die beskouing van Clausewitz wat vroeër aangeraak is, dat 'n oorlog slegs deur offensiewe optrede – inisiatief – gewen kan word.)

Dit gebeur selde, skryf Geldenhuys, dat iemand wat die inisiatief het, 'n oorlog verloor. Waarom moet die SAW wag tot die SWAPO-guerrillas oor die grens kom en hulle dán eers aanvat? Op dié manier kan SWAPO immers self besluit waar, hoe en wanneer hy wil infiltreer. Só behou SWAPO die inisiatief. Een van die maniere om die inisiatief te verkry en te behou, is dus “deur nie te wag nie, maar eerste die geveg met die insurgent aan te knoop – *to take the battle to the insurgent*”. Bowendien het dit die SAW-beplanners opgeval dat die insurgensie dikwels gedurende die reënseisoen plaasvind wanneer die welige plantegroei goeie dekking bied en genoeg water vir die guerrillas gevind kan word. Gevolglik sou dit die moeite loon om voorsprong-aanvalle uit te voer om die infiltrasies te ontwrig nog voor hulle kon plaasvind.³⁷

Die oorgrens-operasies het met nog 'n faktor te make gehad. Operasioneel was die basiese doel van die Suid-Afrikaners “om Kaokoland, Kavango en die Caprivi skoon te maak ... As ons dié doelwit sou bereik, kon ons die uitgestrekte insurgensiegebied inkrimp totdat net Ovambo oorbly. Ons sou dan ons vermoëns daar kon konsentreer en goedkoper baklei.”³⁸

Hiermee het Geldenhuys gewys dat hy, in elk geval terugskouend, 'n baie belangrike beginsel van teeninsurgensie-oorlog verstaan het. Die literatuur oor insurgensie-oorlog lê sterk klem daarop dat die insurgente moet probeer om die operasionele gebied so wyd moontlik te rek. Aangesien hulle meestal die taktiese inisiatief het, maak dit nie saak dat hulle nie oral is nie; hulle kan immers self besluit

³⁶ Piero Gleijeses, “Moscow's proxy? Cuba and Africa 1975-1988”, *Journal of Cold War Studies* 8(2), Lente 2006, pp. 25-26.

³⁷ Geldenhuys, p. 67.

³⁸ *Ibid.*, p. 68.

waar en wanneer om gevegte aan te knoop. Daarteenoor moet die teeninsurgent sigbaar die hele gebied beset, want waar hy nié is nie, kry die insurgent die kans om in te sytel, die bevolking polities te indoktrineer en selfs 'n alternatiewe staatsadministrasie te ontwikkel.³⁹ Weliswaar was Ovambo die swaartepunt van die oorlog, gesien die feit dat 46% van die bevolking van SWA/Namibië destyds daar gewoon het, en dat SWAPO oorweldigend op die Ovambo's gesteun het. Tog het 'n beperking van die teeninsurgensieoorlog tot Ovamboland (net 56 000 ha) die Suid-Afrikaanse oorlogspoging bevoordeel en dié van SWAPO beduidend benadeel. Die oorgrens-operasies het gehelp om die Caprivi, Okavango en Kaokoland "skoon" te hou.

7. DIE OPERASIES TOT 1984

Volgens Geldehuys was daar twee soorte oorgrens-operasies, te wete *spesifieke* en *algemene* operasies. Die eerste was vooraf beplande operasies teen vooraf uitgesoekte SWAPO-basisse, byvoorbeeld om verwagte grootskaalse infiltrasies vooraf te ontwig. Algemene operasies was die deurlopende patrolling van die suide van Angola met die doel om die gebied te oorheers en SWAPO-insurgente onderweg na SWA/Namibië te onderskep en uit te wis voordat hulle die grens kon oorsteek. Hy wys daarop dat indien 'n mens as 't ware die grens noordwaarts kon "opskuif", kon jy dáár met die insurgente kontakte afdwing wat andersins suid van die grens sou plaasvind. (En, nodeloos om te sê, as hulle verhinder is om die grens oor te steek, kon hulle ook nie die plaaslike bevolking politiseer en mobiliseer nie, wat immers die swaartepunt van enige insurgensieoorlog is.) Bowendien, as jy die gebied oorkant die grens oorheers, hoef jy minder troepe suid van die grens aan te wend, wat beteken dat jy meer troepe vir offensiewe operasies – wat al weer met die begrip *inisiatief* saamhang – kan gebruik.⁴⁰

Reindeer sou die prototipe van verskeie oorgrens-operasies in die jare hierna word. Slegs die belangrikstes word hier bespreek. Veral 32 Bataljon het 'n horde kleiner operasies van stapel gestuur waarin SWAPO feitlik geen oomblik rus gegun is nie.

Die eerste van die groteres was Operasie Saffraan in Maart 1979, wat nie alleen takties suksesvol was nie, maar 'n bydrae tot groot strategiese gevolge gelewer het. In dié operasie is SWAPO-basisse in die uiterste weste van Zambië aangeval en uitgewis, basisse waarvandaan SWAPO sy insurgensie in Caprivi gevoer het. Die operasie het tot gevolg gehad dat pres. Kenneth Kaunda, geen liefhebber van geweld nie,⁴¹ ongemaklik begin word het. Dit het bowendien gevolg op 'n artillerie-aanval deur SWAPO van Katima Mulilo in Oos-Caprivi vanuit Zambië in Augustus 1978

³⁹ Vgl. Mao Zedong; Vo Nguyen Giap, *People's war, People's army. The Viet Cong's insurrection manual for underdeveloped countries* (New York, 1968), p. 20; André Beaufre, *Strategy for tomorrow* (Menlo Park, California, Stanford Research Institute, 1974), pp. 39-40.

⁴⁰ Geldenhuys, p. 69.

⁴¹ Vgl. Kenneth Kaunda, *Kaunda on violence* (Londen, 1980), pp. 97-98 en 102.

waarin tien soldate gesneuwel het en nog tien gewond is.⁴² Enersyds was enige terughoudendheid by die Suid-Afrikaanse regering oor oorgrens-operasies hiermee iets van die verlede. Andersyds, veral ná die ontwrigting wat Saffraan teweeg gebring het, het Kaunda SWAPO verbied om verder van Zambiese grondgebied in sy militêre operasies gebruik te maak.⁴³ Gepaard met die skeuring tussen SWAPO en CANU, die grootste Capriviïaanse politieke organisasie, was dit die einde van die insurgensie in die Caprivi. “Dit was die groot deurbraak,” aldus Geldenhuys.⁴⁴

Die eerste beduidende operasie in Angola was Rekstok in Maart 1979. Die uitslag was in 'n sekere sin teleurstellend, aangesien SWAPO snuf in die neus gekry en sy basisse ontruim het. Bowendien is 'n onvervangbare Canberra-bomwerper van die Lugmag neergeskiet. Tog is SWAPO se infiltrasie ontwig.⁴⁵

Rekstok was 'n kleinerige operasie en niks meer as 'n overture vir wat sou kom nie. Vroeg in 1980 het Militêre Inligting aanduidings gekry dat SWAPO 'n groot infiltrasie beplan. In Maart is gevolglik die grootste gemeganiseerde SAW-operasie sedert 1945 van stapel gestuur, Operasie Sceptic, ook bekend as Operasie Smokeshell. Die taktiese besonderhede is nie soseer hier van belang nie. Drie gemeganiseerde veggroepe, min of meer van brigadegrootte, het die grens oorgesteek⁴⁶ en die groot SWAPO-basis, Smokeshell, sowat 180 km noord van die grens aangeval. Soos Geldenhuys dit pittig stel: “Eerstens word 'n miernes oopgeskop en die miere spaander. Tweedens word daar rondom die nes na die miere gesoek. Smokeshell was die miernes.”⁴⁷ Die aanval self is gevolglik opgevolg met 'n reeks kleiner operasies waarin ander SWAPO-basisse in die omgewing opgespoor en vernietig is. Die operasie is eers einde Junie voltooi. Volgens Willem Steenkamp is SWAPO se operasionele vermoëns 'n “catastrophic blow” toegedien. Dit sou sowat 'n jaar duur voordat die organisasie van dié klap herstel het.⁴⁸

Verskeie kleiner operasies het hierop gevolg, maar die eerste groot operasie was Protea in Augustus 1981, toe die SAW Angola weer met 'n mag van min of meer brigadegrootte binnegeval het. Die doel was baie eenvoudig, naamlik om SWAPO verder weg van die grens te dryf sodat sy vegters steeds verder moes loop (en dit deur 'n SAW-oorheerste gebied) om die grens na SWA/Namibië oor te steek. Die operasionele oogmerk was om SWAPO uit Ongiva en Xangongo te verdryf. Daarin is geslaag. SWAPO het opnuut 'n reeks swaar nederlae gely en tonne waardevolle

⁴² Vir die volledige verhaal hiervan, kyk Steenkamp, *Borderstrike!*, pp. 370-376.

⁴³ Geldenhuys, p. 85.

⁴⁴ *Ibid.*, p. 90.

⁴⁵ Kyk Helmoed Römer Heitman, *South African armed forces* (Kaapstad. 1990), p. 153.

⁴⁶ Vgl. Steenkamp se breedvoerige beskrywing in *Borderstrike!*, pp. 388-453.

⁴⁷ Geldenhuys, p. 95.

⁴⁸ Steenkamp, *Borderstrike*, p. 453; Nortje, pp. 153-156.

toerusting is deur die Suid-Afrikaners buitgemaak.⁴⁹ Uit inligting wat hier verkry is, het die kleiner Operasie Daisy in November gespruit, toe SWAPO uit sy basisse by Bambi verdryf is.⁵⁰

Operasies Protea en Daisy het verskeie relevante gevolge gehad. Behalwe dat SWAPO se operasies oudergewoonte swaar ontwrig is, het dit hom gedwing om sy basisse aansienlik verder noordwaarts terug te trek tot in die omgewing van Cassinga en Cuvelai, sowat 250 km noord van die grens. Dit was die eerste operasie waar die SAW en FAPLA, die Angolese leër, mekaar gegaffel het. Hierna het FAPLA 'n reeks gefortifiseerde stellings ingerig van waar hy SWAPO te hulp kon snel as dié weer aangeval word - wat beteken het dat SWAPO voortaan op die steun van FAPLA kon reken. Die posisies is met die nuutste Russiese lugafweer-missiele beskerm, wat beteken het dat die SA Lugmag nie meer so vryelik lugsteun aan die grondtroepe sou kon verleen nie.⁵¹

Teen 1983 het dit duidelik geword dat die SAW in die noorde naby die FAPLA-stellings nie dieselfde mate van oorheersing kon uitoefen as verder suid nader aan die grens nie. Dus is besluit om SWAPO daar aan te val, net ná die begin van die somer se eerste reëns en met die doel om die organisasie se gewone reënseisoen-offensief te ontwrig nog voor dit kon begin (Operasie Askari). 'n Verdere doel was om SWAPO nóg verder noordwaarts uit die omgewing van Cuvelai, Mulondo en Cahama – gevaarlik na aan die Kubaanse linie – te verdryf. Hierin is gedeeltelik geslaag. Weens verskeie faktore het die aanvalle op Mulondo en Cahama misluk, maar by Cuvelai het SWAPO 'n groot nederlaag gely. Nog 'n aanval op Caiundo, 'n FAPLA-basis, het eweneens misluk.⁵²

Ondanks die gedeeltelike taktiese mislukking kon die Suid-Afrikaners tevrede wees, want operasioneel het hulle in al hul doelstellings geslaag. Volgens brig. Dick Lord, wat die Lugmag gedurende die operasie gelei het, is SWAPO sodanig verswak dat hy van toe af geen groot bedreiging meer gevorm het nie. Terselfdertyd het FAPLA egter in statuur gegroei en ontwikkel tot die grootste struikelblok in die oorlog teen SWAPO. "FAPLA gradually replaced SWAPO as our main enemy."⁵³

Jan Breytenbach wys daarop dat teen einde Desember 1983 (hoofsaaklik deur 32 Bataljon)

"the area south of the Bale River between the Cassinga-Cuvelai Road in the west and the Cubango River in the east had been cleared of SWAPO bases. This put paid to SWAPO's planned infiltrations of SWA by their so-called Typhoon units. So no serious incursions of

⁴⁹ Kyk Stiff, pp. 364-368; Heitman, pp. 159-164; Steenkamp, *South Africa's Border War*, pp. 98-99; Breytenbach, pp. 222-228; Nortje, pp. 169-176.

⁵⁰ Heitman, *South African armed forces*, p. 164; Steenkamp, *South Africa's Border War*, p. 99; Nortje, pp. 178-179.

⁵¹ Kyk die interessante beskouing van Breytenbach in sy *Buffalo soldiers*, p. 222.

⁵² RS Lord, "Operation Askari (a sub-commander's retrospective view of the operation)", *Militaria* 22(4), 1992, p. 9; Breytenbach, pp. 243-247; Nortje, pp. 193-199.

⁵³ Lord, p. 9.

Owamboland, via this route, took place during 1984 ... By the end of Operation Askari the South Africans were in control of Cunene Province east of the Cunene River and as far north as Cassinga.⁷⁵⁴

Die laaste jare se operasies het verskeie interessante gevolge gehad. In die eerste plek is die SAW se basiese doel bereik. Stelselmatig is SWAPO verder noordwaarts teruggedryf en het sy pogings om guerrillas suidwaarts oor die grens te laat infiltreer steeds moeiliker geword. Die guerrillas moes alles saamdra wat hulle nodig sou kry – wapens, ammunisie, kos, water en klere – en dit in die bloedige vogtige somerhitte, aangesien die operasies oorwegend in die reënseisoen van stapel gestuur is. Hulle moes honderde kilometers deur 'n gebied loop wat grootliks deur die SAW met voortdurende, aggressiewe patrollies oorheers is. As hulle nie onderweg onderskep en gevang is of gesneuwel het nie, het hulle poot-uit in Ovambo aangekom, waar die teeninsurgensiemagte só goed georganiseer was dat dit gemiddeld slegs ses dae geduur het voor laasgenoemdes van 'n nuwe groep guerrillas bewus geword het. Reeds teen 1981 het die Suid-Afrikaanse magte 84% van alle vuurgevegte met SWAPO-eenhede suid van die kaplyn geïnisieer⁵⁵ – 'n aanduiding van hoe die oorgrens-operasies die inisiatief nie slegs noord van die grens nie, maar ook in Ovamboland in die SAW se hande laat beland het.⁵⁶ Trouens, teen einde 1984 was daar volgens SAW-inligting slegs 30 guerrillas in Ovambo, 23 in Kaokoland en feitlik geen in Okavango nie.⁵⁷

Nog 'n gevolg was meer strategies van aard. Geldenhuys skryf naamlik oor Operasie Protea:

“Uit latere inligting het dit geblyk dat ons bedoelings vertolk is asof ons die land wou inval met diep Angolese doelwitte in gedagte, met PLAN [SWAPO se *People's Liberation Army of Namibia*] as 'n tweede oorweging. Nog later het Kubaanse en Fapla-offisiere dit teenoor my bevestig.”⁵⁸

Dié ontwikkeling is belangrik. Operasies Protea en Daisy en daarna Askari het meegebring dat die Suid-Afrikaanse “frontlinie” – as 'n mens dit so kan noem – steeds verder noordwaarts beweeg het, nader aan die Kubaanse verdedigingslinie langs die spoorlyn tussen die hawestad Namibe en Menongue. Dié linie was bedoel om te keer dat Suid-Afrika na Sentraal-Angola deurbreek en die MPLA-bewind bedreig. Piero Gleijeses, die enigste historikus wat nog toegelaat is om navorsing in die Kubaanse argiewe te doen, het 'n interessante beplanningsdokument uit Februarie 1984 opgediep waarin Jorge Risquet, lid van die Kubaanse Politburo en een van Fidel Castro se mees vertroude raadgevers, dit duidelik stel dat sy land se militêre aanwesigheid in Angola bedoel is om die MPLA-regering teen die Suid-Afrikaanse

⁵⁴ Breytenbach, pp. 244 en 247. Vgl. ook Nortje, pp. 193-199.

⁵⁵ Departement van Verdediging, *Witskrif oor Verdediging en Krygstuigvoorsiening, 1982*, p. 6; Steenkamp, *South Africa's Border War*, p. 145.

⁵⁶ Kyk verder Breytenbach, p. 191.

⁵⁷ Heitman, *South African armed forces*, p. 173.

⁵⁸ Geldenhuys, pp. 114-115.

rassiste te beskerm. Die doel is pertinent nie om kant te kies in die konflik tussen die MPLA en UNITA nie, wat as 'n interne Angolese saak beskou sal word indien die Suid-Afrikaners Angola en Namibië verlaat. 'n Paar maande later het Castro kategoriees aan Oos-Duitse leiers gesê: “Die Kubaanse troepe ... is in die land om teen die eksterne vyand te veg, nie teen die interne kontrarevolusie nie.”⁵⁹

Die stelselmatige noordwaartse verskuiwing van die “frontlinie” nader aan die Kubaanse verdedigingslinie het klaarblyklik die gevaarlike in Havana en Moskou laat flikker. Drie weke voor Askari het twee USSR-diplomate voelers na die Suid-Afrikaanse ambassade by die VN uitgesteek met die boodskap dat hul land voortaan “all support necessary” sou verskaf om Angola teen Suid-Afrikaanse aggressie by te staan. Dis geen dreigement nie, het die twee diplomate bygevoeg – maar natuurlik wás dit een, een waarmee Suid-Afrika voortaan ernstig rekening sou moes hou.⁶⁰ Dis duidelik dat hulle gemeen het dat Suid-Afrika die MPLA-regering met UNITA wou vervang, 'n misverstand wat hulle trouens met die CIA gedeel het.⁶¹ 'n Paar jaar later, in 1987-'88, sou dit 'n belangrike rol speel.

Askari was die hoogtepunt van die semikonvensionele oorgrens-operasies waar SWAPO die belangrikste operasionele doel was. Hierna het die MPLA, gesteun deur die Sowjet-Unie (maar sonder die medewete en goedkeuring van Fidel Castro en SWAPO), toenadering tot Suid-Afrika gesoek. Daaruit het die Lusaka-ooreenkoms voortgespruit, waarvolgens die SAW hom aan Angola sou onttrek. Terselfdertyd sou die MPLA sorg dat SWAPO nie in die grensgebied naby SWA/Namibië kom nie.

Hiermee het Suid-Afrika 'n oorwoë risiko aangegaan. Hy het 'n yslike bufferstrook, maklik 250 km diep, een waarvoor met bloed en trane betaal is, prysgegee. Maar indien die MPLA hom aan sy belofte kon en wou hou, sou dit die moeite werd gewees het, want dit sou beteken dat FAPLA die taak van die SAW om SWAPO van die grens weg te hou, oorgeneem het.

Die ooreenkoms het nie stand gehou nie. SWAPO was geen ondertekenaar van die dokument nie en het hom nie daaraan gebonde geag nie. Die MPLA het ook geen wil geopenbaar om SWAPO hok te slaan nie, en gevolglik het SWAPO sy infiltrasie suidwaarts oor die grens vrywel onmiddellik hervat. Teen einde 1984 was die oorlog in Ovambo weer in volle gang. Bowendien het FAPLA sy ou posisies stewig gefortifiseer. 'n Yslike stroom gevorderde wapentuig het uit die Sowjet-Unie na FAPLA gestroom – T-55-tenks, artillerie, SAM-8-lugafweermissielstelsels (wat nêrens anders ter wêreld nog operasioneel was nie), Mig-23- en Su-22-straaljagters, Mi-25-aanvalshelikopters, ensovoorts.⁶² Vir die eerste keer was die SA Lugmag nie meer outomaties die baas in die lugruim nie.

⁵⁹ Gleijeses, "Moscow's proxy...", p. 25.

⁶⁰ C Crocker, *High Noon in southern Africa*, p. 180.

⁶¹ Gleijeses, "Moscow's proxy...", p. 30.

⁶² Stiff, p. 530.

Dat SWAPO-vegters die ontruimde gebied weer binnegegaan het, was streng gesproke nie in stryd met die Lusaka-ooreenkoms nie, aangesien SWAPO nie 'n party tot die akkoord was nie. Maar FAPLA, wat SWAPO moes keer, het niks gedoen nie en dus was die proses van die begin af eintlik tot mislukking gedoem.⁶³ Soos kol. Jan Breytenbach dit stel, sodra FAPLA weer in die herwonne gebied gevestig was, het die oorlog weer opgevlam. “We still did not appreciate that a defeated enemy must never be allowed the chance to recover, regroup, re-equip, reorganise, retrain and rebuild the morale broken under the strain of battle.”⁶⁴

Breytenbach het moontlik oordryf. Afgesien van die politiek-strategiese oorwegings wat heel legitiem die voorrang bo operasionele oorwegings kan kry, het SWAPO nooit weer heeltemal dieselfde bedreiging gevorm as in die sewentigerjare nie. Dis waar dat die infiltrasie oor die grens weer toegeneem het, maar teen dié tyd was die teeninsurgensiemagte ervare genoeg om die infiltrante, sy dit met enige moeite, binne 'n betreklike kort tyd op te spoor en uit te skakel, en tussen Januarie en Oktober 1984 het 520 infiltrante in Ovambo alleen gesneuwel. Met die aanbreek van die nuwe reënseisoen in Januarie 1985 het sowat 700 guerrillas die grens oorgesteek. Sommige van hulle was lede van die sogenaamde *Typhoon*-eenheid wat in sabotasie en terreur gespesialiseer het, en heelparty bomme het gevolglik op plekke in Ovambo ontplof, waarvan die meeste by burgerlike teikens. Maar teen einde Februarie was 157 en einde Junie 346 van die infiltrante volgens SAW-syfers reeds uitgeskakel.⁶⁵

Bowendien het die SAW opnuut besef dat die sleutel nie slegs in teensurgensie suid van die kaplyn geleë was nie, maar in voorkomingsoperasies noord daarvan. En dus is die ou patroon, hoewel op 'n beperkter skaal, hervat: In Junie 1985 is Operasie Boswilger van stapel gestuur, wat – soos so vele van sy voorgangers – geëskaleer het namate die “miere” uit hul neste geskarrel en agtervolg is. Dié operasie het uiteraard nie so ver in Angola soos sy voorgangers gestrek nie – slegs sowat 40 km – maar SWAPO is weer hard geslaan en ontwig. Groot hoeveelhede krygsmateriaal is buitgemaak voordat die Suid-Afrikaners na SWA/ Namibië teruggetrek het.

Dit is in September opgevolg met Operasie Egret, toe die SAW opnuut 'n voorsprong-aanval op SWAPO in Angola gedoen het na aanleiding van inligting dat dié 'n nuwe offensief in die reënseisoen beplan. SWAPO se planne is opnuut heeltemal ontwig. Onder meer is 'n dokument buitgemaak, 'n brief van SWAPO se militêre leiding aan 'n ondergeskikte bevelvoerder, waarin reguit verwys is na die “unfavourable politico-military situation”. Die vegters is beskuldig van “undiscipline and poor knowledge”, sowel op die politieke, militêre, ekonomiese en operasionele

⁶³ Geldenhuys, pp. 124-127.

⁶⁴ Breytenbach, p. 248.

⁶⁵ Steenkamp, *South Africa's Border War*, pp. 124-127; Heitman, *South African armed forces*, pp. 173-175.

terrein. 'n Reeks lesings (lees: politieke indoktrinasie) is in die vooruitsig gestel om die situasie reg te stel.⁶⁶ Hieruit blyk dat SWAPO groot probleme gehad het.

Tot einde 1989 het die SAW verskeie kleiner hakkejag- en voorsprongoperasies in die suide van Angola uitgevoer en daarin geslaag om SWAPO voortdurend op die agtervoet te hou. Nie veel is oor dié operasies bekend nie, maar die uitwerking daarvan moet sekerlik nie onderskat word nie.⁶⁷ Trouens, laat in 1986 het genl.maj. (later genl.) Georg Meiring, Suid-Afrikaanse bevelvoerder in SWA/Namibië, in 'n onderhoud daarop gewys dat daar in die eerste sewe maande van die jaar 'n derde minder insidente suid van die grens was as in die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar.⁶⁸

Dalk die belangrikste aspek van 1985 se twee oorgrens-operasies was dat FAPLA nie soos tevore tussenbeide getree het om SWAPO te beskerm nie.⁶⁹ Laasgenoemde feit het moontlik te make gehad met 'n ander ontwikkeling. Noudat die SAW nie meer permanent in Suid-Angola teenwoordig was nie, het die Angolese regering vry gevoel om sy visier op 'n ander, vir hom belangriker, rolspeler te rig, te wete UNITA.⁷⁰ En daarmee het ons by die laaste, dramatiese fase van die oorlog aangeland.

8. DIE LAASTE FASE

Die laaste fase van die oorlog – Operasies Modulêr, Packer en Hooper (wat maar net drie fases van één veldtog was) – is reeds uitstekend gedokumenteer.⁷¹ Die volgende aspekte is relevant:⁷²

- Reeds sedert die vroeë tagtigerjare het FAPLA onder Sowjet-invloed elke jaar 'n offensief van stapel gestuur om Mavinga en Jamba te verower en UNITA uit te skakel. Die sterkte van die offensief het gewissel, maar dit het elke jaar min of meer dieselfde patroon aangeneem, naamlik 'n opmars vanaf Menongue en Cuito Cuanavale suidwaarts na Mavinga. Dis elke jaar gestuit – in 1985 danksy beperkte artillerie- en lugsteun van Suid-Afrika.

⁶⁶ Steenkamp, *South Africa's Border War*, p. 134.

⁶⁷ Heitman, *South African armed forces*, p. 175.

⁶⁸ Steenkamp, *South Africa's Border War*, p. 145.

⁶⁹ *Ibid.*, pp. 126-132; Geldenhuys, p. 128; Nortje, pp. 212-213.

⁷⁰ Stiff, p. 530.

⁷¹ Helmoed Römer Heitman, *War in Angola. The final South African phase* (Gibraltar, 1990); Fred Bridgeland, *The war for Africa. Twelve months that transformed a continent* (Gibraltar, 1990); Steenkamp, *South Africa's Border War*, pp. 149-159; Geldenhuys, hoofstuk 15; Breytenbach, hoofstukke 28-29; Nortje, pp. 233-249. Vir 'n onkritiese, haas propagandistiese Kubaanse perspektief, kyk Gleijeses, "Moscow's proxy...", pp. 25-26; Piero Gleijeses, "Cuito Cuanavale revisited", *Mail & Guardian*, 6-12 Julie 2007; Ronnie Kasrils, "Turning point at Cuito Cuanavale", *Sunday Independent*, 23 Maart 2008.

⁷² Kyk ook my analyses: Leopold Scholtz, "Cuito Cuanavale: Wie het werklik gewen?", *Scientia Militaria* 28(1), 1998, pp.16-61; en "Die ontwikkeling van die SA Leër in die Grensoorlog, 1966-1989", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 31(3), Desember 2006, pp. 112-130.

In 1986 het UNITA teruggeslaan en Cuito Cuanavale (teen Suid-Afrikaanse advies) probeer verower, maar misluk.

- In September 1987 het die MPLA (tot die Kubane se ontsteltenis) opnuut dieselfde roete gevolg, maar dié keer met oorweldigende krag, en UNITA stelselmatig teruggedruk. Die offensief was van begin tot einde 'n idee van die Sowjet-Unie, en FAPLA se taktiek was tipies Russies – verbeeldingloos. UNITA het gevolglik weer hulp by Suid-Afrika gevra.
- Gedagtig aan die debakel in 1975-'76 was die Suid-Afrikaanse regering baie huiwerig om te diep betrokke te raak. 'n Sodanig beperkte intervensie dat dit na buite “plausibly deniable” kon wees, is dus aanbeveel. Die militêr-strategiese doel was om UNITA te red sodat sy aanwesigheid in suidoos-Angola steeds SWAPO se infiltrasie na Okavango en die westelike Caprivi kon verhinder. Die operasionele doel was om FAPLA se offensief te stuit voordat Mavinga val.
- Die FAPLA-offensief was egter só hewig dat die beperkte intervensie gou tot 'n gedugte mag van brigadegrootte uitgegroeï het. Elite-eenhede soos 61 Gemeganiseerde Bataljonggroep, 4 SAI en 32 Bataljon (teen dié tyd ook gemeganiseerde eenhede), saam gegroepeer as 20 SA Brigade, is ingestuur. Aan die Lombarivier het die Suid-Afrikaners FAPLA 'n verpletterende nederlaag toegedien en hulle in wanorde teruggedryf. Daarmee was die Suid-Afrikaanse doelstellings eintlik bereik.
- Op 'n besoek aan die front het pres. PW Botha daarop die Suid-Afrikaanse operasionele doel uitgebrei. Hy het bepaal dat die SAW die terugtrekkende FAPLA moes agtervolg en hulle só hard slaan dat hulle nie weer in staat sou wees om 'n nuwe offensief voor die einde van 1988 van stapel te stuur nie.
- Daar kan ernstige kritiek uitgespreek word op die besluit om FAPLA oos van die Cuitorivier trompop te loop. Die indirekte benadering sou vereis dat die Suid-Afrikaners wes van die Cuito opruk en die Angolese verbindingslinies in hul agtergebiede tussen Cuito Cuanavale en Menongue verbreek. Gedagtig aan die lomp wyse waarop FAPLA geopereer het en sy afhanklikheid van voorrade, kan aangeneem word dat die Angolese sonder veel gevegte gedwing sou word om die offensief te staak. Só sou die Suid-Afrikaners dieselfde doel met veel minder moeite en bloedvergiëting bereik het.
- In opvolging van Botha se bevel is die Angolese stadig noordwaarts teruggedryf, en verskeie kanse om hulle behoorlik in die pan te hak is deur veral 4 SAI se traagheid verspeel. Uiteindelik is FAPLA teruggedruk in die sogenaamde Tumpo-driehoek aan die Cuito, net oorkant Cuito Cuanavale. Hulle was nietemin paniekerig en het dit oorweeg om heeltemal na Menongue terug te trek.

- Daar ver in Havana het Fidel Castro (sonder toestemming en tot ontsteltenis van die Kremlin) besluit om nou in te gryp, want sy hele projek om Angola kommunisties te hou en die held van die globale sosialistiese revolusie te wees, kon misluk. Hy het later aan Crocker gesê as die Suid-Afrikaners sou besluit om halt te roep ná die gevegte by die Lomba, sou hy nie ingemeng het nie. Hul besluit om verder noordwaarts op te ruk, het hy 'n "strategiese fout" genoem omdat dit hom gedwing het om op te tree ('n interessante gedagte wat verdere verkenning werd is).⁷³ Waarskynlik beïnvloed deur UNITA se mislukte aanslag op Cuito Cuanavale die vorige jaar het hy tot die gevolgtrekking gekom dat dié dorp die gesamentlike SAW- en UNITA-mag se doelwit is, en besluit om dit te keer. Hy het self die operasionele bevel oorgeneem, verdere terugtogte verbied en Kubaanse troepe inderhaas na die front gestuur om FAPLA se rug te help styf maak.
- Dit het uitgeloop op drie Suid-Afrikaanse frontaanvalle op die nou reeds stewig-gefortifiseerde Angolees-Kubaanse verdedigingslinie in die Tumpo-driehoek. Dié aanvalle het regstreeks teen elke taktiese en operasionele reël geskreeu, en al drie het dus misluk – die laaste selfs met die verlies van drie tenks. Castro het dit aangegryp om 'n meesterlike propagandaveldtog van stapel te stuur waarin hy verkondig het dat hy die Suid-Afrikaners 'n verpletterende nederlaag toegedien het. Dit was sterk oordrewe – hier was eerder sprake van 'n dooiepunt – maar feit is wel dat die Suid-Afrikaners se domheid die kans op 'n skinkbord aan Castro gegee het.
- Castro se propagandaveldtog was klaarblyklik minstens gedeeltelik gebaseer op 'n misverstand aan sy kant, naamlik dat Cuito Cuanavale die Suid-Afrikaners se doelwit was.⁷⁴ UNITA se mislukte poging om die dorp in 1986 te verower het waarskynlik ook iets hiermee te make.
- Castro het met 'n verdere meesterskuif gekom deur sy 50ste Divisie, 'n elite-eenheid, na Angola te stuur en hulle in die weste suidwaarts in die rigting van die Suidwes-grens te laat opruk. Dit was briljant: Daar het hulle plekke soos Xangongo en Ongiva beset, waardeur hulle die Suid-Afrikaners doelbewus aan die raai gehou het: Wil die Kubane daar stop, ooswaarts langs die grens opruk om die Suid-Afrikaanse magte in die omgewing van Cuito Cuanavale af te sny, of wil hulle selfs die grens oorsteek en SWA/Namibië binneval?⁷⁵ Dit het die Suid-Afrikaners benoude oomblikke besorg, want in daardie stadium het hulle slegs lig-bewapende teeninsurgensie-eenhede in die noorde van SWA/Namibië gehad. Die veldtog is afgesluit met 'n hewige

⁷³ Crocker, p. 365.

⁷⁴ Gleijeses, "Moscow's proxy...", pp. 40-41.

⁷⁵ Chester Crocker het by Jorge Risquet probeer vis wat die Kubane se planne was, maar dié jakkals het te kenne gegee hy gaan Crocker in onsekerheid laat. Briljant. Kyk Gleijeses: "Moscow's proxy...", pp. 41-42. Vgl. ook Crocker, p. 399.

geveg tussen die SAW en elemente van 50 Kubaanse Divisie by Techipa, waar die Suid-Afrikaners die Kubane met 'n bloedneus laat terugsteier het.

- 'n Verdere – vir die Suid-Afrikaners – onheilspellende ontwikkeling was dat SWAPO-vegters tot op bataljonvlak by die Kubane geïntegreer is. Dit het dit vir die SAW onmoontlik gemaak om SWAPO aan te val sonder om 'n volskaalse oorlog met Kuba uit te lok.
- Nietemin, albei kante het hier in die afgrond gekyk en nie gehou van wat hulle gesien het nie. Bowendien het Castro na 'n eerbare uitweg uit sy eie Viëtnamese moeras in Angola gesoek. Dit het tot onderhandelinge gelei, wat uitloop het op die onttrekking van die SAW en die Kubaanse magte aan Angola, en die onafhanklikwording van Suidwes – wat nou Namibië geword het.

Dit was die einde van die oorlog.

9. GEVOLGTREKKING

'n Mens sou die reeks Suid-Afrikaanse oorgrens-operasies in Angola in die jare 1975-'88 seker uit moreel-etiese oogpunt kon benader. Jy sou kon redeneer dat die Suid-Afrikaanse regering en die SAW 'n moreel verwerplike beleid van rasse-diskriminasie en menseregtevergrype in stand wou hou, en dat die oorlog in SWA/Namibië – en dus ook die oorgrens-operasies – instrumente was om dié bedenklike doel te bereik. Jy sou ook die bloedvergieting en verwoesting wat met die operasies gegaar het, kon veroordeel.

Indien dit enige nut het om dit te doen, is dit egter 'n taak vir die teoloë en filosowe, nie vir die wetenskaplike historikus nie. In 'n boek wat in Engelse vertaling onder die titel *The historian's craft* verskyn het, skryf die vermaarde Franse historikus, Marc Bloch:

“There are two ways of being impartial: that of the scholar and that of the judge. They have a common root in their honest submission to the truth. ... However, there comes a moment when their paths divide. When the scholar has observed and explained, his task is finished. It yet remains for the judge to pass sentence.”

Hy pas dié metafoor dan toe: “Now, for a long time, the historian has passed for a sort of judge in Hades, charged with meting out praise or blame to dead heroes. ... The words of Pascal are more to the point than ever: ‘We all play God in judging: this is good or this is evil.’” Maar dan voeg hy daaraan toe: “Are we so sure of ourselves and our age as to divide the company of our forefathers into the just and the damned? How absurd it is, by elevating the entirely relative criteria of one individual, one party, or one generation [sic!] to the absolute, to inflict standards upon the way in which Sulla governed Rome, or Richelieu the States of the Most Christian King!

Moreover, since nothing is more variable than such judgements, subject to all the fluctuations of collective opinion or personal caprice, history, by all too frequently preferring the compilation of honor rolls to that of notebooks, has gratuitously given itself the appearance of the most uncertain of disciplines. ...

“If the judgement only followed the explanation, the reader could simply skip it. Unfortunately the habit of passing judgements leads to a loss of taste of explanations. When the passions of the past blend with the prejudices of the present, human reality is reduced to a picture in black and white. ... When all is said and done, a single word, ‘understanding’, is the beacon light of our studies.”⁷⁶

Teen dié agtergrond kan ’n mens tot die volgende gevolgtrekkings kom, wat almal probeer *analiseer, verklaar en begryp*:

- Op *veiligheidsstrategiese* vlak wou die Suid-Afrikaanse regering keer dat SWAPO, wat homself sedert 1976 openlik as ’n Marxisties-Leninistiese organisasie beskryf het, die mag in SWA/Namibië oorneem. Enersyds, so is gevrees, sou dit Moskou ’n vastrapplek in Suider-Afrika gee. Andersyds (wat daarmee saamhang) sou dit die voorste Suid-Afrikaanse verdedigingslinie langs die Oranjerivier pleks van langs die Cunene plaas. Suid-Afrika was nie soseer teen ’n onafhanklike Namibië nie, wel teen een wat deur SWAPO geregeer word.⁷⁷
- Op *militêr-strategiese* vlak het dit min sin gemaak om suid van die grens te sit en wag tot SWAPO-vegters die grens oorsteek en dán jag op hulle te maak. Dit het die inisiatief in SWAPO se hande gelaat en het hulle die kans gegee om veel groter prestige by die plaaslike bevolking suid van die grens te verkry. Dit het wel sin gemaak om die stryd na SWAPO te neem, om sy voorbereidings op offensiewe te ontwig nog voor hulle kon begin. Dit het sin gemaak om SWAPO stelselmatig noordwaarts terug te druk sodat die guerrillas steeds verder moes loop om oor die grens te kom, en dit in ’n gebied wat deur die SAW oorheers is. Dit het eweneens sin gemaak om SWAPO-vegters noord van die grens dood te maak pleks van suid daarvan.
- Dit sou ook sinvol wees om UNITA, Suid-Afrika se groot bondgenoot, aan die lewe te hou. UNITA het die hele suidoostelike hoek van Angola beset, wat dit vir SWAPO onmoontlik gemaak het om na die Okavango en die Wes-Caprivi in te sytel.
- Suid-Afrika het dus *militêr-strategies, operasioneel* en *takties* dikwels offensief opgetree, maar op *veiligheidsstrategiese* terrein defensief. Dit was tipies van ’n outoritêre regime wat bloot die *status quo* wou handhaaf. Suid-Afrika het geen imperialistiese oogmerke gehad nie.
- Uiteindelik het dié operasies, ondanks negatiewe publisiteit vir Suid-Afrika in die buiteland, vrugte afgewerp. Dit het gehelp om die insurgensie tot

⁷⁶ Marc Bloch, *The historian's craft* (New York, 1953), pp. 138-153.

⁷⁷ Vgl. Leonard, pp. 250-251.

Ovambo te beperk en ook die insurgensie binne Ovambo aan bande te lê. Dit het gehelp om SWAPO se moreel te knak. ('n Groter aandeel om dit reg te kry, behoort waarskynlik aan die SWAPO-leiding se Stalinistiese vervolging van elkeen van wie vermoed is dat hy of sy 'n bedreiging vir Sam Nujoma en sy luitenant kon wees.⁷⁸ Daar is aanduidings dat SWAPO teen 1989 op die punt van 'n ineenstorting was: Teen die einde het 'n anonieme latere senior kabinetsminister teenoor die Kanadese navorsers, Colin Leys en John S Saul – albei skerp krities teen die apartheidsregering – vertel dat “there was fear everywhere. The Central Committee could not act. We were saved by [the implementation of Security Council Resolution] 435.”⁷⁹)

- Die interaksie tussen Suid-Afrika enersyds en die Sowjetunie en Kuba andersyds is gekenmerk deur voortdurende wedersydse foutiewe vertolkings en misverstande. Suid-Afrika het (saam met Amerika) gemeen dat Castro 'n marionet van die Kremlin is wat dans as die leiers in Moskou aan sy toutjies trek. Dit was verreweg nie die geval nie. Castro was weliswaar 'n oortuigde Marxis-Leninist en het die Sowjetunie as 'n goeie bondgenoot beskou, maar was dikwels eiesinnig en het sy eie kop gevolg sonder toestemming of selfs die vooraf-medewete van die USSR. Sy besluit om die MPLA in sowel 1975 as 1987 met troepe te hulp te snel is op eie houtjie geneem.⁸⁰ Volgens Chester Crocker het die geïsoleerde Suid-Afrikaners min van Sowjet-denke begryp, “and their expertise on the Cubans were the stuff of comic books”.⁸¹
- Tegelykertyd was die twee kommunistiese moondhede voortdurend daarvan oortuig dat Suid-Afrika die MPLA wil verdryf en UNITA in sy plek tuismaak. Dit was nooit die geval nie. In 1975 wou Suid-Afrika help om 'n gunstige militêre situasie vir UNITA en die FNLA te skep, wat daartoe sou bydra dat hulle uit 'n posisie van krag met die MPLA kon onderhandel. In 1987 was die Suid-Afrikaanse doel eenvoudig om UNITA te laat oorleef. Soos Crocker sê: “Castro knew dangerously little about South African politics ...”⁸²
- Nog 'n misverstand aan Kubaanse kant was dat die SAW Cuito Cuanavale wou inneem. Dié saak is nou al herhaaldelik deur leidende individue in

78 Oor die Swapo-leiers se vervolging van hul eie lede, kyk Andreas Shipanga, *In search of freedom*, hoofstukke 23-31; Lauren Dobell, *Swapo's struggle for Namibia, 1960-1991 War by other means* (Basel, 1998), pp. 47-51; Siegfried Groth, *Namibia – the wall of silence. The dark days of the liberation struggle* (Wuppertal, 1995), pp. 55-66; Saul and Leys, "SWAPO. The politics of exile", pp. 48-53; "Liberation without democracy? The Swapo crisis of 1976", *Journal of Southern African Studies* 20(1), March 1994, pp. 123-147. Vir 'n Swapo-vertolking van die krisis, kyk Peter Katjavivi, *A history of resistance in Namibia* (Londen, 1988), pp. 105-108.

79 Leys en Saul, "Liberation without democracy?", p. 145.

80 Gleijeses, *Conflicting missions*, pp. 305-308; Gleijeses, "Moscow's proxy...", p. 126.

81 Crocker, p. 368.

82 *Ibid.*

die destydse Suid-Afrikaanse regering en die SAW ontken. Besit van die dorp sou geen voordeel ingehou het nie; dit was voldoende om die plek se landingstrook met die Suid-Afrikaanse langafstand-artillerievuur buite aksie te hou. Dit word nie aan die ander kant aanvaar nie, vermoedelik om propagandistiese redes.

- Oor die algemeen het Suid-Afrika in sy militêr-strategiese en operasionele doelstellings met die oorgrens-operasies geslaag. Dit het SWAPO help knak.
- Uiteindelik het SWAPO natuurlik wel die bewind in Windhoek oorgeneem, maar van sy beoogde Marxisties-Leninistiese eenparty-diktatuur het niks gekom nie. Sy magsoornamie het saamgeval met die ineenstorting van die kommunisme as globale magsfaktor. Namibië is min of meer 'n liberale demokrasie. Die Sowjetunie bestaan nie meer nie. In Kuba moes die bejaarde Fidel Castro die mag aan sy broer afstaan, en dit lyk asof die eiland onderweg is na die vrye mark, en moontlik mettertyd selfs na 'n liberale demokrasie. Van Castro en Nujoma se drome het weinig tereg gekom.
- Die Suid-Afrikaners se veldtogte in SWA/Namibië en Angola het gehelp om die ekonomiese prys vir die Sowjetunie en Kuba sodanig te verhoog dat hulle na maniere gesoek het om met eer uit die stryd te tree. Eersgenoemdes kon nie keer dat SWAPO die bewind in Namibië oorneem nie, maar hulle het wel daartoe bygedra dat die land vandag geen kommunistiese diktatuur is nie.

Alles in ag genome, kan die Suid-Afrikaners nie heeltemal ontevrede wees nie.